

Apartheid, Afrikaans en ballingskap in die biografie van Vernon February

San ben libi, n'a singi fu den siksiyuru

Michaël Slory¹

Abstract

This article takes as its subject Vernon February (1938-2002), one of the first black South African, and more specifically black Afrikaans literary scholars. Self-exiled in the early 1960s to the Netherlands he concentrated in his postgraduate studies and publications on African, African Diasporan and South African literatures with a specialism in Afrikaans and Creole literatures. The paper explores the influence of apartheid, Afrikaans and exile, the three salient and closely associated features on the subject. These matters are examined in three broad sections. Initially, the paper provides an overview of February's life with the aim of discerning the pertinent influences of his early life, the influences in his youth and his exilic experiences. Thereafter it traces February's anti-racist orientation to the anti-apartheid the T.L.S.A.'s (Teachers' League of South Africa) far-reaching impact on generations of Capetonian pupils and students. The last section of the article, considers February's attitude towards Afrikaans in the post-1976 exile political environment.

1. Inleiding

Vernon February (1938-2002) het die grootste deel van sy beroepslewe aan die letterkunde, kultuur, kreolisering, postkoloniale kulturele praktyke en die inpassing van veral Afrikaans in die Suid-Afrikaanse kulturele omgewing gewy. Só gestel, verdoesel dié enkele biografiese feit 'n reeks kulturele aannames en dieper dimensies van sy persoonlike en sosiale geskiedenis. In hierdie artikel word drie samehangende fasette van die February-biografie bespreek: apartheid, Afrikaans en ballingskap.

As literêr-wetenskaplike het hy hom in 'n Afrikaanse linguistiese en literêre tradisie bevind waar die stratifikasies, stiltes en verwagtinge van vroeëre koloniale

formasies en die apartheidsera gereproduseer is. Sedert die ontstaan van die Afrikaanse literêre tradisie, teen die einde van die negentiende eeu, is dit sterk gerig deur die impulse van Afrikaner-nasionalisme. Sowel die literêre wetenskapstradisie as die deelnemers daaraan is tot 'n groot mate deur sosiaal-historiese faktore soos die ongelyke verspreiding van politieke en sosiale mag en die oneweredige reproduksie van kennis beïnvloed. (Kyk Willemsse, 1992:99.)

'n Sprekende voorbeeld is die opleiding van gekleurde studente in die Afrikaanse letter- en taalkunde omstreeks die vyftigerjare aan die “liberale” Universiteit van Kaapstad.² Ten spyte daarvan dat 'n aantal studente met hierdie agtergrond in die tydvak Afrikaans aan dié universiteit as hoofvak geneem of sommige selfs nagraadse kursusse gevolg het, is dit noemenswaardig dat die universiteit so onlangs as die negentigerjare geen gekleurde Afrikaanse letterkundige of taalkundige navorser opgelewer of aangestel het nie. Dit, ten spyte daarvan dat U.K. reeds in 1946 'n swart dosent, A.C. Jordan, en later Daniel Kunene, beide in die Departement Bantoetale, aangestel het. February, 'n U.K.-alumnus en een van die eerste Afrikaanse literatore uit die gekleurde gemeenskap, sou hom uiteindelik as balling in die buiteland as letterkundige bekwaam.³

Die noue verbintenis van Afrikaans en die Afrikaanse letterkunde met die politieke en estetiese aspirasies van die Afrikaner en Afrikaner-nasionalisme het dié vakterreine nie vanselfsprekende opvanggebiede vir kritiese gekleurde studente gemaak nie. Anders as wit Afrikaanssprekende literatore of taalkundiges, wat dikwels in meesal ongekompliseerde verhoudings tot die Afrikaanse letter- en taalkunde staan, moes gekleurde Afrikaanse studente deurlopend krities omgaan met hul taal en die Afrikaanse taal- of letterkunde. February vertel 'n staaltjie wat sprekend is van dié ambivalensie jeens Afrikaans en die Afrikaanse letterkunde:

I remember that one day there was a woman who taught me. [...] And she always asked us in class, those of us who were from *die gatkant van die wêreld*, to read passages from Afrikaans. And inevitably we were confronted with a tremendous dilemma, because everything was “baas”, everything was “boy”, everything was “kleinmeid”, everything was “nooi”. Now one day one of my friends was asked to read a passage and he read all those terms [...] We got so angry with him and we said, “You are a sell-out. You should omit those terms because they do not belong to us.” [...] [T]he next person omitted every “baas”, every “kleinooi” (sic), everything. And so one of the best Afrikaner writers had his passage destroyed by us as an act of revolution on that day at the University of Cape Town. (February, 1990d:60)

Dié ambivalensie, die rassistiese diskoers wat in Afrikaans verwoord is, die assosiasies van Afrikaans met Afrikaner-nasionalisme en -konserwatisme asook

die afwysende houdings ten opsigte van die taal uit radikale swart intellektuele kringe (kyk February, 1991c:90-91), moes die Afrikaanse letterkunde as 'n toekomstige navorsingsterrein vir 'n student soos February erg beperk het. Tog sou sy nagraadse studies en latere publikasies juis op hierdie terrein bydraes lewer.

In hierdie verkenning word aspekte van February se sosio-politieke agtergrond, die invloed van die Teachers' League of South Africa, sy ballingskap en sy verbondenheid met Afrikaans ondersoek. In vele opsigte is sy ervaring soortgelyk aan dié van diegene wat hedendaags as postkoloniale intellektuele bekend staan. Sy biografie openbaar die hooftrekke van hibriditeit, migrasie, die diaspora- en tussen-in-ervaring van die balling.

2. Vernon February – 'n oorsig

Vernon Alexander February is op 16 Mei 1938 op Somerset-Wes in die Wes-Kaap gebore. Sy pa, Lawrence, is oorlede toe hy vyf jaar oud was en sy ma, Katy, 'n huisbediende, moes daarna haar ses seuns (Godfrey, Duggie, James, Vernon, Desmond en Cecil) as enkelouer met die hulp van sy oom Daantjie Mars van die Koue Bokkeveld grootmaak. Die gesin se enigste dogter, Mary, is vroeg oorlede. Vernon begin sy skoolloopbaan aan die plaaslike Methodiste-laerskool en voltooi dit in 1957 aan Trafalgar-hoërskool in Distrik Ses, Kaapstad. Uit 'n breër hoek beskou, spreek die voltooiing van sy skoolloopbaan boekdele vir sy deurstellingsvermoë en die gedreweheid van sy gesin. Behalwe Duggie wat 'n sakeman geword het, het sy broers uiteindelik almal in die onderwys tereggekam; sommige van hulle sou later senior administratiewe posisies beklee.

Naas diskriminerende politieke en ekonomiese faktore was die algemene verwagting van onderwysopleiding en beroepsvooruitsigte in die vyftigerjare uiters beperk – soos die eertydse anti-apartheid politieke gevangene, Eddie Daniels, wat uit 'n soortgelyke agtergrond as February kom, oor sy skoolloopbaan omstreeks 1940 getuig: “When I attained my Standard Six certificate my mother, who was very proud of my achievement, said, ‘My boy, now you can take up a trade.’” (Daniels, 1998:43) Standaard ses was vir dekades 'n mylpaal vir arm en werkersklas gekleurde leerlinge omdat dit die vereiste kwalifikasie vir ambagopleiding onder die Vakleerlingskapwet van 1921 was. In February se skooljare was die onderwysbestel vir swart leerlinge in die geheel erg gebrekkig. Hierdie faktore het onder meer bygedra dat slegs 'n miniskule breukdeel van gekleurde leerlinge die volle twaalf jaar van skoolopleiding ondergaan het.⁴

In 1960 behaal February 'n B.A.-graad aan die Universiteit van Kaapstad, met Afrikaans, Engels en Xhosa as hoofvakke. In die daaropvolgende jaar voltooi hy 'n onderwysdiploma. Soos in ander ontwikkelende ekonomieë het die onderwysberoep 'n hoë mate van sosiale status verleen. February (1983:21-22) was deeglik daarvan bewus: "The teacher, especially in the fifties and sixties, was a person who, in West African terms, 'had mouth' and 'knew book'. And as such his standing was assured." In Suid-Afrika kan die gewildheid van die beroep toegeskryf word aan hierdie statusverhoging en die ekonomiese selfversorgendheid wat dit gebied het. Met die beperking op professionele mobiliteit gedurende die apartheidsera was die onderwys van die min professies waarin gekleurde mense hulle kon bekwaam. Toegang tot die onderwys is moontlik gemaak deur studiebeurse wat ingevolge art. 141 van die Onderwysordonnansie 20 van 1956 aan studentonderwysers soos February toegestaan is. (Kyk Maurice & Kies, 1956:171.)

Hy keer in 1962 na sy alma mater terug waar hy tot 1963 junior en senior sekondêre Afrikaans onderrig en ook klasgee in onderwyspraktyk aan die Wesleyaanse Onderwyserskollege in Soutrivier, Kaapstad. In die loop van 1964 verlaat hy Suid-Afrika. Komende uit 'n sfeer waar die invloed van anti-apartheidsorganisasies soos die Kaapse onderwysersorganisasie, Teachers' League of South Africa (T.L.S.A.), en die Non-European Unity Movement (N.E.U.M.; later: die Unity Movement) sterk was, het February soos sy jongste broer, Cecil, en talle ander beroeps- en onderwysmense uit dié Kaapse sosiale kringe onder toenemende politieke druk uit Suid-Afrika gewyk.

February het selde oor die beweegredes vir sy ballingskap gepraat. In 'n onderhoud met Jos Teunissen (2004:154) suggereer hy die barre beendere vir sy besluit op ballingskap: "In '63 zag ik weer tanks rollen. Ik kon een beurs krijgen om in Nederland te gaan studeren. 'Ga nu, voor het te laat is, want er gaan nare dingen gebeuren in Zuid-Afrika.'" 'n Paar sinne later vertel hy van die Suid-Afrikaanse polisie se vermoede dat hy aktief in die politiek betrokke was: "Ik ben precies op tijd naar Nederland gegaan. Daags na mijn vertrek kwamde politie thuis naar mij informeren." Ten spyte van February se skrapse inligting kan 'n breë konteks tog gekonstrueer word.

Twee aanleidende oorsake sou vir hierdie beslissende stap geïdentifiseer kon word: die grootskaalse migrasie van gekleurde onderwysers in die sestigerjare; en, tweedens, verskerpte politieke militantheid in die Kaapse Skiereiland. Die ver naamste rede vir die onderwysers se verset en migrasie was Wet 47 van 1963, die Kleurlingonderwyswet. Die wetgewing het voorsiening gemaak vir die oordrag van beheer van onderwys vir gekleurdes vanaf die provinsies na 'n afdeling van

die Departement van Kleurlingsake en die instelling van diskriminerende en beperkende diensvoorwaardes. Die T.L.S.A. en hul genoot, die Anti-C.A.D. (Anti-Coloured Affairs Department), het die uitbreiding van Christelike Nasionale Onderwys (en apartheidsonderwys) na skole vir gekleurdes as 'n fundamentele ingreep op hul onderwystaak gesien (kyk ook February, 1983:16). Hul prinsipiële standpunt was dat hulle nie aan hul eie verdrukking sou meewerk nie; dat hulle eerder sou bedank en elders 'n heenkome sou soek. Die relatief grootskaalse emigrasie van onderwysers word hier nie verder bespreek nie, maar dié protesaksie het verreikende gevolge in beroeps- en sosiale kringe gehad, omdat veral in die Kaapse metropool en omstreke hierdie mense geëmigreer en aansienlike gapings in hul profesie gelaat het. Tussen 1965 en 1969 het byvoorbeeld 1800 gekleurde onderwysers die beroep verlaat. In één jaar – 1970 – het 656 die onderwysberoep vaarwel toegeroep (kyk Venter, 1974:320-324). Politiek-betrokkes met T.L.S.A.-bande is voor die keuse gestel om hul gekose beroep onder onaanvaarbare omstandighede te beoefen en die argwaan van die belangrikste meningsvormers in die Kaapse politiek te trotseer, of om 'n ewe moeilike keuse in beperkende sosiale omstandighede te maak en uit 'n vaste betrekking te bedank. Vir jong onderwysers soos February moes dié situasie uiterste gewetenswroeging veroorsaak het.

'n Meer persoonlike oorsaak vir February se ballingskap moet gesoek word in die verhoogde polisieoptrede en, naas die Anti-C.A.D.-aksies, die militante aktiwisme wat in die Skiereiland se politiek-sensitiewe kringe geheers het. Die woelinge het selfs in sy onmiddellike omgewing neerslag gevind. Lede van die Congress-beweging, onder andere 'n kennis van February, die skrywer Alex la Guma, is in 1962 onder huisarres geplaas; verskeie politieke aktiviste en selfs akademici soos A.C. Jordan en Daniel Kunene het die land verlaat. In Oktober 1963 is onderwyskollegas uit die N.E.U.M.-dampkring soos Neville Alexander, Dulcie September en nege ander as lede van die National Liberation Front, ook bekend as die Yu Chui Chan Club, geïdentifiseer en op aanklagte van sabotasie en terrorisme in hegtenis geneem. Een van hulle was Les van der Heyde, die swaer van Basil, February se neef. Die aangeklaagdes is skuldig bevind en in 1964 vonnisse van tussen vyf en tien jaar opgelê. Die omringende omstandighede sou Basil February ook beïnvloed. In die loop van 1964 verlaat hy die land klandestien en sluit aan by Umkhonto we Sizwe (MK), die gewapende vleuel van die African National Congress. Basil sou later onder sy *nom de guerre*, Paul Peterson, bekendheid verworf vir sy dapperheid op die slagveld toe hy in 1968 een van die eerste MK-vegters geword het om in die stryd teen apartheid te sterf (February, 1990a:40).⁵

Vernon February het soos talle van sy onderwyskollegas groener weivelde in die buiteland gaan soek (kyk Venter, 1974:321, 324). Hulle, onder andere die Afrikaanse skrywers P.J. Philander en Paul Roubaix (Isaac Phaff), het meesal na Engelssprekende streke soos Noord-Amerika en die Verenigde Koninkryk gemigreer, terwyl hy “vanweë die taalverwantskap” na Nederland uitgewyk het (aangehaal in Adema, 1999:13). In ’n onderhoud bied Adam Small deels ’n insig waarmee February se verwysing na “taalverwantskap” na waarde geskat kan word. Small verwoord die ontheemdheid en die afstand van die bekende – die Afrikaanse taal en Suid-Afrika, maar ook die Afrikaanse taal en apartheid – van die Afrikaanssprekende *émigré*:

On this journey through America, at Niagara Falls, I crossed the border into Canada. It was snowing, and it was very beautiful, but it was a foreign landscape – for me, but also for my family in Toronto where I went to see them, where I went, in the snow, asking them: “*Hoe gaan dit? Hoe gaan dit nog?*” [...] We talked into the small hours of the morning, for I had to be on my way and was seeing them only that one night. We talked Afrikaans. And it was tragic – if for nobody else, then for me. We talked Afrikaans in that foreign landscape, in that falling snow. We might have talked another language, but we talked Afrikaans. Do you know what that means? What it means if you think that it was Afrikaans that created for them, and for me, this dread of coming home? (Aangehaal in Venter, 1974:3.)

Teen die agtergrond van Small se waarneming, word Nederland vir February ’n tussenstadium: vreemd, maar nie totaal onbekend nie; verwelkomend en nie verdrukkend nie; ’n plek waar die teken van ’n unieke Suid-Afrikaansheid, die Afrikaanse taal, herkenbaar is; en ’n ruimte wat in teenstelling met Suid-Afrika die bereiking van menslike potensiaal moontlik maak (kyk Teunissen, 2004:155). Afgesien van kortstondige verblyfperiodes in Duitsland, die Karibiese eilande, Noorweë, Noord-Amerika en Wes-Afrika sou February vir die res van sy lewe in Nederland bly en uiteindelik Nederlandse burgerskap verkry. Tog was sy oorgang na Nederland en sy lewe as ’n balling nie maklik nie. February beskryf die oorgang so:

’n Uitgestrekte landskap, windmeule, heuwelloos en bergloos. Bedaar verlange, bedaar. Die verwydering was duidelik sigbaar, die landskap het dit alleen versterk. Om te praat uit wanhopigheid of te swyg uit weemoed. Ek had geen keuse nie. (Aangehaal in Van den Bergh, 1998/1999:21.)

Leiden en Amsterdam (waar hy later permanent sou woon) word vir die Afrikaanssprekende February dié kulturele en kosmopolitiese sentra, net soos Londen dit vir die Engelssprekende Salman Rushdie of Parys dit vir die Franssprekende Aimé Césaire, Léopold Senghor en Frantz Fanon was. (Kyk ook Teunissen, 2004:

157.) Dit is in Leiden dat hy sy nagraadse studie onderneem, en waarnatoe hy telkens na kortstondige verblywe buite dié stadjie terugkeer. Na sy vertrek uit Suid-Afrika verwerf hy 'n vlugtelingsbeurs van die Universitair Asiel Fonds wat hom in staat stel om aan die Rijkuniversiteit van Leiden sy Candidatus Litterarum in Engelse letter- en taalkunde met die skripsie *Trends in South African English* te verwerf. Tussen 1968 en 1969 gee February Engelse taalonderrig aan 'n onderwysinstituut in Recklinghausen, Duitsland, maar keer vir voortgesette nagraadse studie na Leiden terug. In die tyd word hy agtereenvolgens aangestel as 'n vertaler, 'n navorsingsgenoot en later as senior navorser aan die Afrika-studiesentrum aan die Rijkuniversiteit, 'n pos wat hy tot kort voor sy dood beklee. In 1977 behaal hy onder leiding van prof. dr. Jan Voorhoeve sy Leidse Doctorandus Litterarum met die proefskrif *Flaggellated Skin, a Fine Fetish – The “Coloured” Stereotype in South African Literature*.

Die studie, later gepubliseer as *Mind your Colour: The “Coloured” Stereotype in South African Literature* (1981), ondersoek die representasie van die gekleurde figuur in die Suid-Afrikaanse letterkunde. In Suid-Afrika word literatuurstudie hoofsaaklik op basis van taalspesifisiteit bedryf. Sy studie is een van die weiniges na Manfred Nathan se *South African Literature* (1925) wat 'n geografiese norm vir literatuurbeskouing en vergelykende Suid-Afrikaanse letterkunde voorhou (vergelyk ook February, 2004b). Alhoewel nie in direkte voortbouing op Nathan of February nie, word 'n soortgelyke stroming in die vroeg-tagtigerjare in die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Wes-Kaapland en later die Sentrum vir die Studie van Suider-Afrikaanse Letterkunde en Taal aan die Universiteit van Durban-Westville ontwikkel. (Kyk Coetzee & Polley, 1990.)

In Amsterdam bou hy 'n netwerk van buitelandse kontakpersone en anti-apartheid-steungroepe op. Sy Amsterdamse ervaring is dié van die tipiese Afrika-ontheemde in 'n tydvak toe dit makliker was om mede-Afrikane in Europa of die V.S.A. te ontmoet as in Afrika-hoofstede. Dit is ook hier dat hy deels onder die invloed van Voorhoeve tot 'n begrip van die omvang en impak van die Afrika-diaspora kom:

Ik heb voor het eerst in mijn leven mijn grenzen verlegd naar een andere cultuur. De brutaliteiten en excessen in mijn land, zag ik ook daar. Ik leerde er breder te kijken dan de eigen parochie. (Teunissen, 2004:155)

Hy ontwikkel 'n belangstelling in die (voormalige) Nederlandse kolonies in die Karibiese eilandgroep en besoek later dié gebiede. Hy gee by geleentheid klas in Afro-Amerikaanse en Afrika-letterkunde aan verskeie buitelandse universiteite. In 1971-1972 is hy 'n besoekende dosent aan die Fourahbaai-kollege van die

Universiteit van Sierra Leone. In 1975 doseer hy Afrika-letterkunde aan die Taalinstituut in Suriname en in 1978 word hy besoekende professor in Afro-Amerikaanse studie aan die Universiteit van Wisconsin-Madison, waar sy leermeesters Jordan en Kunene na hul emigrasie klasgegee het. Later, 1981, bied hy gaslesings aan by die universiteite van Harvard, Kalifornië (Santa Barbara), Northwestern en Yale.

Sy migrasie na Nederland maak dit vir hom moontlik om van buite in te kyk op sy geboorteland. Sy beleving van die hibriditeit van die immigrant is egter nie net 'n ervaring van een buitelandse ruimte nie, maar ook 'n beleving van die spanning tussen verskillende ruimtes. In 'n ietwat stereotiperende opmerking skets hy die kontras tussen die rassisme van sy Duitse hospita en sy mooi losieskamer:

Ik had er een pachtige kamer, uitzicht op de klokken van de Sint Paulus kerk, met zóóó'n tandrad, waar ik uren naar kon luisteren. Maar als ik naar het toilet ging, moest ik van de hospita eerst papier in de pot leggen alvorens ik mijn behoefte doen. Ik voelde dat als zoiets absurds. Duitsers, laat ik het vriendelijk zeggen, denken dat ze begaafder zijn dan Afrikanen. (Teunissen, 2004:155)

Oor die tussen-in ervaring waar die balling verwyderd van sy wortels is, tot 'n nuwe omgewing bydra, maar tog nooit werklik opgeneem word nie, skryf hy soos volg: “In Europa kan ek nie oor my dorp praat nie. Dan praat ek maar oor apartheid en politiek [...] 'n Balling is 'n halwe mens.” (February, 1984b:43) Hier verenig hy in homself die Eurosentriese, nativistiese Afrika-tradisies en deur sy tweede vrou, Ester Roos, die Joodse tradisies en geskiedenis van menseslagting tydens die Tweede Wêreldoorlog. (Kyk Teunissen, 2004:156.)⁶ In 'n sekere sin verteenwoordig die proses 'n hibriditeit tot die tweede mag. As gekleurde persoon in Suid-Afrika was hy reeds per definisie die fisiologiese en kulturele draer van hibriditeit.

Op universiteit ontwikkel February tot 'n poliglot. Hy bestudeer naas Afrikaans en Engels ook Xhosa. Vir laasgenoemde vak word 'n klasmedalje aan hom toegeken. Gegee die geskiedenis van segregasie in die Wes-Kaap is sy studie in Xhosa in die laat-vyftigerjare uitsonderlik. Sy belangstelling word in sy matriekjaar geprikkel deur 'n studentonderwyser, Irvin Combrinck, en die persoon van dr. A.C. Jordaan. Hy sou lewenslank 'n belangstelling in die Xhosa *imbongi*- en *ntsomi*-tradisie volhou en selfs bekendheid as 'n storieverteller in hierdie tradisie verworf. Hy sou sy hervertelling van *Iinyoka neempuku* as sy eie beskou, met sy “eie klanksisteem en nuanses” (February, 2004a:57-58; kyk ook February, 1994b, 1990e:28-29; Willemsse, 2004).

Tydens 'n kortstondige eerste huwelik (met 'n Noors-Amerikaanse vrou, Carol Jacobsen, waaruit hul dogter Rushika gebore is) vertoef hy in Noorweë en

verwerf aan die Universiteit van Oslo 'n diploma in die Noorse taal- en letterkunde. Hy praat later met gemak Deens en Noors. Met sy Amsterdamse verblyf sou Nederlands sy huistaal word. Hy kon ook kundig met Duits en Sranan Tongo, die *lingua franca* van Suriname, omgaan. Sy taalvaardigheid in Engels word vroeg erken met sy vertaling van verskeie Nederlandse akademiese geskrifte (kyk Daneel, 1970; Kaayk, 1976 en Van Hekken, 1970). Dit is egter veral sy poësievertalings uit Sranan Tongo in Jan Voorhoeve en Ursy M. Lichtveld se *Creole Drum* (1975), 'n bloemlesing van die Surinaamse mondelinge tradisie en letterkunde, wat hom as 'n gerespekteerde vertaler vestig. Dié vaardigheid sou hom tydens sy latere verblyf in die Antille en Suriname in staat stel om in eie reg tot 'n kenner van Karibiese letterkunde en 'n voorstander van vergelykende diaspora-studie te ontwikkel. (Kyk February, 1988a, 1991g.)

Teen die einde van die sestigerjare raak hy saam met studentevriende soos Dan Ncayiyana (2004:18) betrokke by anti-Vietnamoorlogsbetogings. Later, met die ontwikkeling van boikotaksies teen die apartheidsregering, kom February tereg in die Boycot Outspan Aktie en speel 'n groot rol in organisasies soos Comité Zuid-Afrika, Kairos en die Anti-apartheidsbeweging Nederland (Teunissen, 2004: 155; Roskam, 2004:21). Later sou hy toenemend op veral kultuur-historiese gebied 'n skakelrol tussen Suid-Afrikaners en Nederlanders begin speel. Op radio, televisie en in die drukmedia het hy by uitstek die rol van bewusmaker van die Suid-Afrikaanse kondisie vervul, die kriek teen die aandskemer van apartheid (om die Surinaamse digter Michaël Slory buite konteks aan te haal). Later het hy as organiseerder en kontakpunt 'n toonaangewende rol in die reël van ontmoetings en konferensies gespeel. Hy was onder meer betrokke by verskeie letterkunde- en kultuurkonferensies in Bad Boll, Duitsland; die Culture in Another South Africa-konferensie in 1987; die Victoria-watervalberaad tussen die African National Congress en binnelandse Suid-Afrikaanse skrywers (1989); die Taal en identiteitskonferensie, Leiden (1992); en die internasionale konferensie oor kultuur en meertaligheid by die Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria (1994).

Erik van den Bergh (1998/1999:23), 'n voormalige direkteur van die Nederlandse anti-apartheidsdrukgroep, Kairos, beskou February se rol as “stimulator” as sy vernaamste bydrae:

Voor hoeveel mense zou Vernie February de afgelopen decennia als vraagbaak gediend hebben? Talrijke gesprekken, soms in het licht van de camera's, maar veel vaker in de beslotenheid van de studeerkamer zijn voor talloze studenten en onderzoekers, voor ballingen en bezoekers van grote betekenis geweest.

Op amptelike vlak dien hy as adviseur vir die Nederlandse Ministerie van Onderwys. As kenner van Suid-Afrikaanse letterkunde word hy aangestel as redakteur van 'n reeks waarin klassieke Suid-Afrikaanse letterkundige tekste in Nederlandse vertaling aangebied is. Hy dien ook as direkteur van die Commissie voor Zuid-Afrika van die Leidse Maatschappij der Nederlandse Letterkunde. In 1994 ontvang hy die André Demedtsprys van die Vlaamse Marnixkring vir sy rol in die uitbou van die verhouding tussen Nederlands en Afrikaans (Anoniem, 1994 en 2002).

In ballingskap ontvang February meer erkenning as wat hy ooit vanuit ampsweë of van Afrikaanse organisasies in Suid-Afrika sou kry. Sy dankbaarheid vir sy Nederlandse verblyf is daarom diepgevoel en eg:

Ek is dankbaar dat ek die kans gehad het om hier [in Nederland] te woon. Daarvoor sal ek nooit spyt hê nie. Ek is dankbaar dat ek die kennis wat ek hier opgedoen het, kan inploeg in Suid-Afrika. Maar ek het nooit gedroom dat ek my lewe lank in 'n ander land sal woon nie. (Aangehaal in Adema, 1999:13.)

Tog het die verlange om na Suid-Afrika terug te keer, gebly. Na die ontbaning van die African National Congress in 1990 en met die vrylating van Nelson Mandela ontdooi die politieke klimaat sodanig dat uitgewekenes aanvanklik drupsgewys en later in groter getalle na Suid-Afrika terugkeer. In die lig van die snelveranderende omstandighede motiveer prof. G.J. Gerwel, die rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland ('n voormalige departementshoof van dié inrigting se Departement Afrikaans), February se aanstelling as buitengewone professor (1991-1996). Dieselfde pos word weer vanaf 2002 beskikbaar gestel, na sy vervroegde uitdienstrede by die Rijksuniversiteit van Leiden. Dié stap is deels gemotiveer deur sy verswakte gesondheid na 'n beroerte-aanval in 1996. Hy sou met ingang 2003 ook 'n pos as buitengewone professor aan die Universiteit van Pretoria opneem, met as opdrag die uitbou van postkoloniale Nederlandse studies. Hy kon dié opdrag nie vervul nie, want op 24 November 2002 sterf hy aan 'n hartaandoening in 'n Amsterdamse hospitaal. Sy vrou, Esther February-Roos, praat in haar begrafnisrede soos volg oor sy hunkering om terug te keer: "Die laaste weke voor jou dood in Holland het ek jou gedurig herinner hoe ons op ons balkon in Seepunt sit terwyl ons na Robbeneiland kyk. Jy het dit reggekry om huis toe te kom." (Aangehaal in Jansen, 2002.)⁷

3. February se houding jeens rassisme

Dit sou nie onjuis wees om te beweer dat die beleidsrigtings en openbare standpuntinname van die T.L.S.A. en die N.E.U.M. 'n vormende rol in February se

intellektuele ontwikkeling en sy vroeë akademiese loopbaan gespeel het nie. Hierdie invloed is terug te voer na sy ou hoërskooltradisie, sy onderwysers en medestudente. Trafalgar-hoërskool (gestig in 1915) in Distrik Ses, Kaapstad, is beskou as die oudste en een van die toonaangewende hoërskole vir gekleurde mense. Dié reputasie het berus op 'n lang onderwystradisie en die kritiese politieke oriëntasie van die onderwysers. Die skool het kinders van die Kaapse middestad en omringende voorstede getrek en 'n groeiende Engelssprekende Kaapse middelklas help vestig. Van die leerkragte het in die ban van die T.L.S.A. en die N.E.U.M. gestaan. Hierdie organisasies was bekend vir hul vurige anti-apartheidsverklarings, links-militante beleidsrigtings en geskrifte, onder meer die publikasies *The Educational Journal* en *The Torch*. Dit is in hierdie intellektuele klimaat dat Kaapse leiersfigure en lede van die gekleurde middelklas-elite hul politieke begrip verfyfyn het. As jong leerling beland February soos talle van sy geslag in dié invloed sfeer (February, 1990a:47).

Die T.L.S.A., wat in 1913 opgerig is, was aanvanklik toegespits op die verbetering van onderwys vir gekleurde mense, die verbetering van onderwysers se status en die ontwikkeling van die onderwyspraktyk en -teorie. Dit is in hierdie gedaante dat die leiers hul missie vertolk het as die leiers van die gekleurde gemeenskap en van die “opheffing van die kleurlingvolk”. Dié ingesteldheid was gekoppel aan 'n strategie van stille, pragmatiese diplomatie teenoor die koloniale owerhede (kyk February, 1983:8-13; Lewis, 1987:75-77). Die T.L.S.A., die oudste van die sogenaamde Movement-organisasies, wat February as student en nuwelingsonderwyser in die jare vyftig en sestig leer ken het, was egter 'n veel militanter liggaam as die aanvanklik etnies-gerigte, gematigde nie-politieke onderwysers-organisasie. Dié geslag leiers se aspirasies was ook nie beperk tot onderwys sake nie. Hulle sou 'n beslissende rol in die verpolitiserings van gekleurde mense speel (vergelyk February, 1983:13, 15, 21; ook Simons, 1976:225-226).

Die ommeswaai het omstreeks 1943 plaasgevind met die oornam van die T.L.S.A. deur jong, militante, universiteitsgeskoolde leiers. Dié oornam sou die aard van die organisasie fundamenteel verander. In 'n tyd waar radikale teen-facistiese en anti-Nazi-diskoerse neerslag in die Suid-Afrikaanse politiek gekry het, het die nuwe leiers die gematigde standpunte van die ouer leiers verwerp en militant standpunt teen Afrikanerdominasie ingeneem. Dieselfde leiersfigure was ook verantwoordelik vir die oprigting van twee organisasies, die N.E.U.M. en in die laat-vyftigerjare, die Anti-Coloured Affairs Department (Anti-C.A.D.) Dié laasgenoemde organisasie moes die vestiging van 'n permanente kommissie van Kaapse Kleurlingsake teenstaan, terwyl die ander 'n beleid van nie-samewerking

met die owerhede, boikot, volle sosiale en politieke integrasie en 'n breë verenigde swart front voorgestaan het. In die praktyk het hierdie beginselstandpunte dikwels gelei tot allerlei vorme van *ad hominem* optrede teen onderwyskollegas, professionele persone of sportmense wat met die “stelsel saamgewerk” het (vergeelyk February, 1983:13-17; Lewis, 1987:207-220; Simons, 1976:220-224; en Van der Ross, 1986:233-247).

In teenstelling met die kleurlingsentrisme van die vroeëre T.L.S.A. het die jong idealistiese leiers van die nuwe T.L.S.A., maar veral die N.E.U.M., 'n sterk anti-rassigheidsideaal geformuleer, wat van die veronderstelling uitgegaan het dat “ras” 'n gevaarlike mite is.⁸ Dit is hierdie standpunte wat deur *The Educational Journal* asook T.L.S.A.-simpatiseerders en -lede aan skole soos Trafalgarhoërskool en die Universiteit van Kaapstad gepropageer is. February (1991e:89) reken dat “[d]uring the late fifties and early sixties, the politically conscious ‘coloured’ found his (sic) political aspirations largely reflected in the N.E.U.M. [...] and the Anti-C.A.D.” Ten spyte van indringende kritiek op die N.E.U.M. (en die T.L.S.A.) kan die blywende invloed van dié liggame op die lewens van jong Kaapse intellektuele nie ontken word nie.⁹ 'n Historikus uit 'n geslag na dié van February, Mohamed Adhikari, verwoord in 'n studie die invloed van die T.L.S.A. op sy politieke gewaarwording. Die onderstaande aanhaling onderstreep die waardeskeppende uitwerking wat die T.L.S.A. op geslagte leerlinge gehad het. Hierdie waardes het berus op die onderwysers se bewuste professionalisme, sosiale verantwoordelikheid, hul kritiese ingesteldheid en 'n grondige afkeer van apartheidsdenke. Adhikari (1993:3) skryf:

I benefited from the *professionalism and ethos of social responsibility* that the organization helped to install in its members. It is no incidence that the most *dedicated* and *gifted* teachers of my school-days had either been one-time members of the T.L.S.A. or consciously identified with its ideals. [...] [P]eople (that) associated with the League to a significant degree helped to politicize me and prompted me to *think critically about society*. In the dark days of the early 1970s, when ruling class points of view seemed so pervasive in all areas of South African public life, I was amongst those who looked forward eagerly to the latest copy of “the *Journal*” for an *alternative perspective* on current affairs. (My kursivering – HW.)

Die leerlinge en studente van February se geslag sal waarskynlik met instemming op hierdie aanhaling reageer. Hul sosiale bewuswording het 'n soortgelyke paadjie gevolg. Alhoewel February hom nie eksplisiet tot die T.L.S.A. of die N.E.U.M. sou verbind nie, en later aktief in die meer sentristiese African National Congress betrokke was, het sy kennis van sy mentors se uitgesproke anti-apartheids-

en anti-rassigheidsdenke hom toegerus om in sy loopbaan as literator krities met apartheid en die gevolge van rigiede rassedenke om te gaan. February erken dat sy inisiële intellektuele vorming, soos dié van talle andere, onder die invloed van dié anti-rassigheidsliggame plaasgevind het:

Wij consumeerden die geschiedenisboeken [dieselfde as dié wat wit leerlinge bestudeer het – HW] ook, schreven het allemaal braaf op, we moesten een diploma halen. *Maar intern werd er constant gecorrigeerd, ontmythologiseerd.* (Teunissen, 2004:153; my kursivering – HW; kyk February, 1991e:214.)

'n Verdere aanduiding van die belang wat hy aan die intellektuele tradisie van die T.L.S.A. geheg het, is die bundel *From the Arsenal* (1983) waarin hy 'n keur van artikels uit *The Educational Journal* versamel het.

Die oorhoofse verbintenis tot anti-rassisme is 'n kenmerk van February se literêre werksaamheid, alhoewel hy in sy teksondersoeke hoofsaaklik op aspekte van kreolisering en die gevolge van kultuur-historiese hibridering konsentreer. Pertinente voorbeelde van sy anti-rassisme is sy ongemak met raspejoratiewe of selfidentifiserende etniese etikette. Hy het selde, indien ooit, die begrip *gekleurde gemeenskap* gebruik, *kleurling* tussen aanhalingstekens aangewend, en doelbewus daarvan weggestuur deur die mense wat so benoem is formuleagtig en omslagtig te omskryf as “de mensen die gemengd zijn en taxonomisch als ‘kleurlingen’ te boek staan” (February, 1994a:4) of as “individuals taxonomically classified as ‘coloureds’” (February, 1991e:183, kyk ook February, 1983:1 en 1991f:84). Sy eerste kritiese werk sien hy dan ook as 'n bydrae “to the process of undoing the ‘self-deception in self-definition’ among the ‘so-called coloured’ people of South Africa” (February, 1991e:viii). Sy basiese anti-rassistiese ingesteldheid is regstreeks toe te skryf aan die vormende invloede van sy jeug.

Naas dié oorheersende denkklimaat het uitstaande individue ook sy lewe beïnvloed. In verskeie geskrifte dui hy dr. A.C. Jordan as sy intellektuele mentor aan (kyk byvoorbeeld Van Vuuren, 1989). As Kaapse openbare figuur het Jordan 'n noue assosiasie met die T.L.S.A. en die N.E.U.M. gehad. February (1990a:47) oordeel dat Jordan “briljant, geestig, menslik, 'n geleerde van formaat en 'n leermeester sonder weerga [was] (...) Met sy vol, ronde gesig wat so skalks in 'n laggie kon uitbars, het hy invloed uitgeoefen op mense in sy omgewing.” Die assosiasie het ook verder as die klassituasie gestrek en in Jordan het February 'n figuur en 'n voorbeeld gevind wat die interaksie tussen mense uit verskillende agtergronde maklik gemaak het. Vergelyk hierdie sprekende verslag van Jordan se vrou, Phyllis Ntantala (1992:172) oor die geskiedkundige Kaapse protesoptog van 21 Maart 1960:

The few whites, Coloureds and Indians were hardly visible in that sea of black [marchers]. (...) All stood there, silent and determined. Now and again, through the din of the helicopter above us, came a lone voice: 'uSana olungaliyo, lufel' embelekweni!' [A baby that does not cry dies in its mother's back-strap]. Whose voice it was, no one knew. We were to learn later that this was Vernon February, A.C.'s Coloured student in his Xhosa II class at UCT.

In 'n politieke en sosiale omgewing wat toenemend deur apartheidswetgewing en -houdings gekenmerk is, het February se politieke simpatieë van vroeg af aan oor etniese grense gestrek, soos die politieke gedigte wat hy oor Robert Sobukwe of ANC vryheidsvegters geskryf het, goed getuig (vergelyk February, 1984a, 1986, 1988b). Hy sou vir die res van sy lewe stewige vriendskappe oor Suid-Afrikaanse etniese grense opbou – 'n neiging wat ook sprekend van sy diepgewortelde anti-rassige politieke bewustheid was, byvoorbeeld:

Dan Ncayiyana was een van die mense wat my gehelp het om mens te word; 'n Suid-Afrikaner in murg en been sonder die kwalifikasies wat ons daaraan gee – nie wit én mens, bruin én mens of swart én mens nie – maar gewoon 'n mens in Suid-Afrika (Van den Bergh & Kraan, 2004:68; vergelyk ook February, 1990b; 1990c; 1991a; 1991b; 1991c, 1991d, 1991f:2-3).

4. February se houding jeens Afrikaans

Gegee sy sosiale posisie in Suid-Afrika, die onvermydelike beïnvloeding van die T.L.S.A., en sy posisie as uitgewekene in Nederland moes February in sy akademiese geskifte dikwels sy hantering en verbintenis met Afrikaans genuanseerd regverdig. Die T.L.S.A. was 'n draer van die ideologiese begeertes van 'n angliiserende gekleurde metropolitaanse middelklas. In die politieke-gelade sfeer van dié organisasie was Afrikaans 'n teken van werkersagtergrond, wat ten spyte van dié organisasie se ideologiese meelewing met die werkersklas, tog 'n mate van afstand met die kernwaardes van die organisasie meegebring het. Alhoewel 'n individu uit huis Afrikaans mog wees, was migrasie na Engels die aangewese pad van middelklas-selfvervulling.

Hy spits hom aanvanklik in Nederland op Suid-Afrikaanse Engelse letter- en taalkunde en die Nguni mondelinge tradisie toe. Sy eerste publikasies is op dié terreine. (Kyk die bibliografie in Van den Bergh & Kraan, 2004:161-185.) Sy *Mind your Colour* is die duidelikste aanduiding dat hy later 'n groter waardering vir Afrikaans en die posisie van Afrikaanssprekendes ontwikkel het. In Nederland was Afrikaans as teken van werkersklasagtergrond of plattelandse afkoms nie 'n belemmering nie. Voorts sou sy blootstelling aan die teenkoloniale taalstryde in Suriname, die Antille, Indië en Indonesië daartoe lei dat hy groter waardering vir

die sosiale plek van Afrikaans in Suid-Afrika ontwikkel: “[I]n exile I have learnt that ‘Dutch’, or ‘English’ for that matter, fulfilled similar roles [i.e. denigration or repression] in Indonesia and India. It is when man oppresses man that he taints his language.” (February, 1991f:2; kyk ook Teunissen, 2004:155). Hierteenoor het in die kringe van Suid-Afrikaanse uitgewekenes ernstige verset teen Afrikaans begin ontwikkel. Teen hierdie agtergrond moes February veral na 16 Junie 1976 konstant sy verhouding met die Afrikaanse taal evalueer en herbeding.¹⁶

Tydens die Victoriaval-beraad in 1989 (Zimbabwe) waar Afrikaanse skrywers met afgevaardigdes van die destyds verbode African National Congress vergader het, het ’n terloopse verwysing na sy neef Basil hom nie net diep bewoë gelaat nie, maar ook sy uitgebreide familie se diepe revolusionêre verbondenheid met Afrikaans geïllustreer. Hy lewer so hieroor verslag:

Marius Schoon het in sy kraakrype stem gesê, terwyl hy die lessenaar vasgegryp het: ‘Laat ons nie vergeet dat twee van die grootste helde van die ANC albei Afrikaans as hul moedertaal gehad het nie. Die een was Bram Fischer, die ander man was Basil February.’ En, toe moes ek wal gooi, want Hwange [Wankie, Zimbabwe waar Basil gesterf het] was nog nooit so naby in my lewe nie. (February, 1990a:39; kyk ook Coetzee en Polley, 1990:56, 59.)

In sy geskryfte moes hy genuanseerd ’n balans tussen die taal as politieke uitdrukking en taal as wesenlike menslike kommunikasie-middel volhou. In ’n onderhoud met Helize van Vuuren (1989:41) spreek hy hom in geen onsekere terme nie uit oor die vrees van sommige Suid-Afrikaners in die buiteland wat huiwerig sou wees om hul Afrikaanse herkoms te laat blyk:

Dit is eintlik hartseer om te hoor dat mense skaam is om dit wat so essensieel is aan ’n mens se mens-syn, dat hulle bang is om dit na buite te bring omdat daar lelike konnotasies aan is [...] kyk, ek weet dat sekere flagrante dinge gebeur het, maar jy kan nie die taal daarvoor verkwalik nie. (Kyk ook February, 1991f:2.)

Dié perspektief verbind hy regstreeks met Jordan se invloed en sy onderskeid tussen linguistiese en taalpolitieke kwessies. ’n Genuanseerde siening van Afrikaans lei hom tot die insig om ’n T.L.S.A.-onderwys-komentator in die laatjare vyftig, J. Bastiaanse, se standpunt oor “moedertaalonderwys as ’n Afrikaneriserings-instrument” met goedkeuring aan te haal. Bastiaanse was nie gekant teen Afrikaans as taal of onderrigmedium nie, maar teen die wyse waarop Afrikaans as die draer van apartheid uitgebuit is en simbool van Christelik-Nasionale Onderwys geword het. (Kyk February, 1991e:90-92; 1991f:84, 92, 140-141.)

Aan die hand van sy simpatieke Adam Small-studie, “Voice in the wilderness” in *Mind your Colour*, wys February (1991e:89-115) op die gevolge van ’n

te noue verbintenis tussen individue uit die onderklasse en die politieke heerser, die Afrikaner. Veral uit die geleedere van die T.L.S.A. is Small in die jare sestig met hoon bejeën omdat hy nie tot een van die “politieke bewuste” groeperings (lees: die T.L.S.A.) behoort het nie; in weerwil van die heersende Wes-Kaapse boikotpolitiek het Small ’n lektorskap by die toe pasgestigte Universiteitskollege van Wes-Kaapland aanvaar en sy boek, *Die eerste steen* (1961), aan “my mense, die Afrikaners” opgedra. Volgens February lei kritiek uit die T.L.S.A.-oorde direk daartoe dat Small se literêre werk nie voorgeskryf word nie. Small se gebruik van die Kaapse Afrikaanse *patois*, sy godsdienstige perspektief van Moses, die leiersfiguur, en die assosiasie van vermeende kleurling-kultuurelemente soos die kitaar, sou, vanuit ’n middelklas T.L.S.A.-perspektief beskou, onderdanigheid sinjaleer.

February (1991e:95) se kennis van Sranan Tongo, Kreools in die Surinaamse konteks, lei hom daartoe om die kritiek van die middelklas meningsvormers soos volg te relativeer:

[T]he Surinamese Dutch of the Creoles has, so it seems, lost its badge of shame, whereas Coloured-Afrikaans, to avail oneself of such a monstrous term for the time being, has lost none of its stigma. Even Sranan Tongo [...] has lost its slave stigma, whereas dialectical Afrikaans of the ‘coloured’ is constantly up against the stench of colour and politics.

Hierdie kundigheid, sy persoonlike geskiedenis en die blywende perspektiewe van iemand soos Jordan lei February (1991e:204) daartoe om die samehang tussen sosiale stryd en taal, oordeelkundiger te beskou. In latere jare, in reaksie op die toenemende druk op Afrikaans, voorsien hy selfs ’n potensieel revolusionêre rol vir Afrikaans sodat dit as taal van bevryding vir ten minste ’n deel van die Suid-Afrikaanse onderklasse kan dien (February, 1991e:204; 1991f:2; kyk ook February, 1991g).

5. Ten besluite

Die artikel het aangetoon hoe die trajek van Vernon February se loopbaan as Afrikaanse kritikus regstreeks beïnvloed is deur die verweefdheid van faktore soos apartheid, die invloed van die T.L.S.A., sy gesetelheid in Afrikaans en dimensies van sy ballingskap.

Die grootskaalse migrasie van gekleurde onderwysers uit Suid-Afrika in die beleerde vyftiger- en sestigerjare hang ook nou saam met die algemene uittog van ’n hele geslag akademici soos A.C. Jordan en Daniel Kunene; skrywers soos Alfred Hutchinson, Alex la Guma, Es’kia Mphahlele, Todd Matshikiza, Bloke Modisane, Nat Nakasa, Lewis Nkosi, Arthur Nortje en politici soos Reginald

September, I.B. Tabata en Oliver Tambo. Vir sommige soos Nakasa en Nortje het ballingskap in selfmoord geëindig; ander soos Hutchinson, La Guma en Matshikiza het in hul skryfwerk uiting aan hul politieke gewaarwordinge gegee, terwyl iemand soos Mphahlele ballingskap nie kon verduur nie en met sy soeke na die “sin van plek” tydens die apartheidperiode na Suid-Afrika teruggekeer het.

February was voortdurend bewus van sy ballingskap en uitgeslotenheid uit die onmiddellikheid van kontemporêre Suid-Afrika; in die woorde van ’n aanhaling wat hy dikwels in sy korrespondensie en geskryfte gebruik het: “Zwerven is ver-langen en verlang en derven.” (February, 1984b) “Huis” het in ballingskap ’n onbereikbare kleinood geword: “Home is a dirty / Four-lettered word / Which de-pending on the mood / Comes out incestuously / Home is a dot in Africa / Playing havoc (*sic*) / With a loner’s / Refugee’d thoughts,” lui dit in sy handskrif in *Koekemakranke: die pad van Vernie February*, ’n gedenkbundel (Van den Bergh & Kraan, 2004:141).

In die opstel is aangetoon hoe February tydens sy ontheemdheid verbande tussen Suid-Afrika en die Afrika-diaspora ontdek het, terwyl sy “stimulator”-aksies die ondermyning van apartheid bevorder het. Dit is in hierdie sfeer dat hy, dikwels in teenstelling met ander Suid-Afrikaanse uitgewekenes, met groter oor-deel met Afrikaans en die aard van taligheid in Suid-Afrika omgegaan het.

Universiteit van Pretoria
Grinnell College, Grinnell, Iowa, VSA

ERKENNINGS

My dank aan Judith February en haar pa Desmond vir die waardevolle inligting aangaande hul uitgebreide familie, asook aan Steward van Wyk vir sy kritiese lees van ’n vroeër weergawe van hierdie artikel.

AANTEKENINGE

1. “Al wat oorgebly het, was die lied van die kriek teen die aandskemer” (my vertaling – HW; kyk Michaël Slory se gedig, “Coronie kawina” [die kawina-dans in die distrik Coronie, Suriname] in Voorhoeve, Lichtveld & February, 1975:249-253).
2. February se persepsie van die U.K. van sy jeug is erg krities: “De Universiteit van Kaapstad gold als een ‘open universiteit’, maar was hardstikke apart, volkomen gese-gegreerd.” (Teunissen, 2004:154)
3. In hierdie artikel kom Suid-Afrikaanse etniese nomenklatuur soos “gekleurde”, “kleur-ling”, “swart” en “wit” voor. Dié ingeburgerde terminologie word soms spesifiek en

soms generies gebruik. Telkens berus die presiese betekenis op die konteks. Identiteit is volgens kontemporêre opvattinge onder meer die gevolg van tradisievorming, beleefde historiese realiteite, sosiale skepping en “verbeelde gemeenskappe” (*invention; imagined communities*). Die ideologiese bepaaldheid van of selfidentifikasie of kontestasie met sulke merkers kan nie ontken word nie. Die gebruik van die terme hier suggereer nie die aanvaarding van etniese reïfikasie, rasetniese ordening of klassifikasie nie.

4. ’n Onderwyskundige, dr. Richard van der Ross, het in ’n 1959-koerantartikel aangedui dat van die 47 915 gekleurde leerlinge wat in 1946 hul skoolloopbaan begin het, slegs 735 twaalf jaar later, in 1957 (Februari se matriekjaar), matriek voltooi het, ’n skrale 1.53%. Die ooreenstemmende getalle vir wit leerlinge was onderskeidelik 16 386 en 5 186, ’n persentasie van 31.64% (aangehaal in Venter, 1974:310).
5. Basil February het tydens die Wankie-ekspedisie gesneuel:

On the first foray south of the border he [Basil February] was killed by Rhodesian security forces after a day-long battle which involved hundreds of men and jet fighters of the Rhodesian Air Force. Making a last-ditch stand in the remote Zambezi Valley, February and his associates [...] fought until their ammunition was exhausted and most of their colleagues killed. A handful were taken prisoner, but only because they had nothing more with which to fight. None surrendered voluntarily. The Rhodesians commented afterwards on the group’s tenacity and, in particular on February’s bravery in the face of terrifying odds. [...] February became a martyr for his cause and today he is well-known among the more politically-conscious Coloured families in the Cape Peninsula. (Venter, 1974:416; kyk ook Anoniem, 2003a, 2003b en 2004; Hani; La Guma en Rodgers.)
6. Die enigste kind uit hul huwelik, Naomi, sou later *alieja* maak, dit wil sê as Diaspora Jodin na Israel emigreer.
7. Verskeie en uiteenlopende huldeblyke is na sy dood gelewer (kyk Van den Bergh & Kraan, 2004:184-185).
8. Die gebruik van die begrippe “anti-rassigheid” en “nie-rassigheid” word regstreeks met bepaalde politieke strominge verbind. “Anti-rassigheid,” die basis van die N.E.U.M. se opvatting jeens ras- of rasbewustheid, berus daarop dat ras ’n mite is wat nie biologies of wetenskaplik verantwoord kan word nie. “Nie-rassigheid” word in hoofsaak met die Congress-beweging van die vyftigerjare in Suid-Afrika verbind. Die Congress-beweging, onder leiding van die African National Congress, het gereken dat die historiese werklikhede van rasetniese groeperinge in aanmerking geneem moet word, maar dat onder leiding van die swart (*African*) meerderheid na ’n nie-rassige demokrasie gestrewe moet word. Phyllis Ntantala (1992:136) gee in haar outobiografie ’n voorbeeld van die praktiese uitwerking van die anti-rassigheidsingesteldheid omstreeks 1946:

Though [it] was before the days of Bantu Education, the trend was already evident that children should go to the schools of their own ethnic group. The Teachers’ League of South Africa, the most progressive Coloured teachers’ association, was resisting this tendency and had instructed all member principals not to turn away African children from their neighbouring schools, especially children in mixed neighbourhoods of Coloured and African, just because of government pressure.
9. ’n Aanduiding van die kritiek wat February later teen die T.L.S.A. en N.E.U.M. gehad het, blyk uit die volgende opmerking:

That the impact of the Movement has not been greater is largely due to a fundamental political miscalculation during Sharpeville and before, and also the tenacious clinging to the principle of the boycott. Moreover, the Movement has never broadened its scope to become a mass organization. (February, 1991f:214-215)

Kritiek teen hierdie organisasies het egter van oor die volle spektrum van (Kaapse) politieke denke gekom. (Kyk onder meer Lewis, 1987:229, passim; Luthuli, 1962:133-134; Seekings, 2000:80; en Van der Ross, 1986:233-247.)

10. Steward van Wyk (in sy reaksie op 'n konsep van hierdie artikel) maak die geldige opmerking dat February se bemoeienis met Afrikaans eerder as Engels in die jare tagtig en negentig nie vanselfsprekend was nie, maar dialekties ingegee kon wees deur die openheid, kritiese ontwikkeling en toenadering wat hy vanuit interne Afrikaanse kringe ontvang het. So is sy belangstelling geprikkel deur die 1985 Swart Afrikaanse skrywersimposium, sy ontmoeting met 'n nuwe geslag anti-apartheid Afrikaanse skrywers en persoonlikhede, asook die publikasieruimte wat hy in *Die Suid-Afrikaan* en *Vrye Weekblad* gekry het.

VERWYSINGS

ADEMA, S.

1999. Uitgeweke Vernon February se hart bly nog Suid-Afrikaans. *Beeld*, 21 Julie:13.

ANONIEM.

1994. Vlaamse organisasie vereer February. *Die Burger*, 16 Julie:4.

2002. Die curriculum vitae van die skrywende professor wat huis toe gekom het. *Die Burger*, 7 September:9.

2003a [A] Recipients of the National Order Awards, 2003 <www.info.gov.za/symbols/nationalorders/2003/february.pdf>. Besoek 23 Maart 2004.

2003b [A]. Honoured – and that's an order. <<http://www.thestar.co.za/index.php?fSectionId=225&fArticleId=298961>>. Besoek 2 Februarie 2004.

2004 [A]. Strategy and Tactics of the ANC. <<http://www.anc.org.za/ancdocs/history/stratact.html>>. Besoek 23 Maart 2004.

ADHIKARI, M.

1993. *“Let us live for our children:” The Teachers’ League of South Africa, 1913-1940*. Cape Town: Buchu, University of Cape Town Press.

COETZEE, A. & POLLEY, J. (EDS.).

1990. *Crossing Borders: Writers meet the ANC*. Bramley: Taurus.

DANEEL, M.

1970. *Zionism and faith-healing in Rhodesia: aspects of African independent churches*. Trans. V. February. The Hague: Mouton.

DANIELS, E.

1998. *There & Back: Robben Island 1964-1979*. Bellville: Mayibuye Books-UWC.

FEBRUARY, V.

1983. *From the Arsenal: The Teachers League of South Africa: A Documentary Study of 'Coloured' Attitudes between 1913-1980*. Leiden: African Studies Centre.

1984a. A Man Died. *Frank Talk* 3:15.

1984b. Wie knabbelt aan m'n ziertje. *Die Suid-Afrikaan*, Lente:42-43.

1986. *Ik ben het gezicht*. Den Haag: Novib.

1988a. *And Bid Him Sing: Essays in Literature and Cultural Domination*. London, New York: Kegan Paul International.

1988b. I am the face. *Rixaka* 3:15.

1990a. Hulle pad het myne gekruis. *Die Suid-Afrikaan* 27:39-40.

1990b. Hulle pad het myne gekruis. *Die Suid-Afrikaan* 27 [28?]:47-48.

1990c. Hulle pad het myne gekruis: Altyd 'n stukkie Afrika in Amsterdam. *Die Suid-Afrikaan* 30:47-48.

1990d. [Die gatkant of literature]. In: Ampie Coetzee & James Polley (eds.). *Crossing Borders: Writers meet the ANC*. Bramley: Taurus. 59-61.

1990e. Of snakes and mice – iinyoka neempuku (a short story) *Rixaka* 1:28-29.

1991a. 'n Kaapse balling kom kuier: Konfrontasie met Van Riebeeck op die Kaapse Vlakte. *Die Suid-Afrikaan* 32:50-52.

1991b. Hulle pad het myne gekruis: Rakhethla Tshlane uit die Vrystaat. *Die Suid-Afrikaan* 33:47-48.

1991c. Hulle pad het myne gekruis: Die 'Sestigers' en die geval Adrian Leftwich. *Die Suid-Afrikaan* 34:50-51.

1991d. Hulle pad het myne gekruis: Dood van die man op die fiets. *Die Suid-Afrikaan* 35:50-51.

1991e [1981]. *Mind your Colour: The "Coloured" Stereotype in South African Literature*. London, New York: Kegan Paul International.

1991f. *The Afrikaners of South Africa*. London, New York: Kegan Paul International.

1991g. *Laat het ons ernst wezen: die verhouding Afrikaans-Nederlands*. In: treerede by die aanvaarding van die amp van buitengewone hoogleraar in Afrikaanse letterkunde aan die Universiteit van Wes-Kaapland. [Bellville]: Universiteit van Wes-Kaapland.

1994a. Voorwoord. In: February, V. *Taal en identiteit: Afrikaans en Nederlands*. Kaapstad: Tafelberg. 1-17.

1994b. Stief liefde: En gij zult Emmanuel heten – 'n Suid-Afrikaanse kersverhaal. *Die Suid-Afrikaan* 51:34-37.

2004a. Op sy graf het ek blomme gaan sit, met Ma Jordan ... In: E. van den Bergh & T. Kraan (samestellers). *Koekemakranke: die pad van Vernie February (1938-2002)*. Leiden: Afrika Studie Centrum. 56-60.

2004b. Die literatuur en die breë Suid-Afrikaanse kultuurstrewe. In: E. van den Bergh & T. Kraan (samestellers). *Koekemakranke: die pad van Vernie February (1938-2002)*. Leiden: Afrika Studie Centrum. 111-132.

HANI, CHRIS. [A]

The Wankie Campaign. <<http://www.anc.org.za/ancdocs/history/mk/wankie.html>>. Besoek 23 Maart 2004.

JANSEN, V.

2002. Honderde kom groet February. *Die Burger (Oos-Kaap)*, 6 Desember:3.

KAAYK, J.

1976. *Education, estrangement and adjustment: a study among pupils and school leavers in Bukumbi, a rural community in Tanzania*. Trans. V. February. The Hague: Mouton.

LA GUMA, [A]

Apartheid and the Coloured People of South Africa. <<http://www.anc.org.za/ancdocs/history/misc/laguma12.html>>. Besoek 23 Maart 2004.

LEWIS, G.

1987. *Between the Wire and the Wall – A History of South African 'Coloured' Politics*. Cape Town: David Philip.

LUTHULI, ALBERT.

1962. *Let My People Go*. New York, Toronto, London: McGraw-Hill.

MAURICE, E.L. & KIES, B.M.

1956. *The Education Ordinance with annotations / Die Onderwysordonnansie met annotasies*. Cape Town & Johannesburg: Juta & Co.

NCAYIYANA, D.J.

2004. Vernie and I – A Memory Glimpse. In: E. van den Bergh & T. Kraan (samestellers). *Koekemakranke: die pad van Vernie February (1938-2002)*. Leiden: Afrika Studie Centrum. 18-19.

NTANTALA, PHYLLIS.

1992. *A Life's Mosaic: The Autobiography of Phyllis Ntantala*. Cape Town: David Philip; Bellville: Mayibuye Centre.

Rodgers, [A] <<http://disa.nu.ac.za/articledisplaypage.asp?filename=DaSI86&articletitle=Basil+February&pageName=frcvr2&searchtype=article>>. Besoek 23 Maart 2004.

ROSKAM, K.

2004. [Ongetiteld.] In: E. van den Bergh & T. Kraan (samestellers). *Koekemakranke: die pad van Vernie February (1938-2002)*. Leiden: Afrika Studie Centrum. 20-21.

SEEKINGS, J.

2000. *The UDF: A history of the United Democratic Front in South Africa 1983-1991*. Cape Town: David Philip.

SIMONS, M.

1976. Organised Coloured Political Movements. In: H.W. van der Merwe & G.J. Groenewald (eds.). *Occupational and social change among coloured people in South Africa*. Cape Town: Juta & Co. 202-237.

TEUNISSEN, J.

2004. Afscheid nemen valt ons gemakkelijker. In: E. van den Bergh & T. Kraan (samestellers). *Koekemakranke: die pad van Vernie February (1938-2002)*. Leiden: Afrika Studie Centrum. 150-157.

VAN DEN BERGH, E.

1998/1999. Vernie February op sestig. *Karring* 15:21-23.

VAN DEN BERGH, E. & KRAAN, T.

2004. *Koekemakranke: die pad van Vernie February (1938-2002)*. Leiden: Afrika Studie Centrum.

VAN DER ROSS, R.

1986. *The Rise and Decline of Apartheid: A Study of Political Movements among the Coloured People of South Africa – 1880-1985*. Cape Town: Tafelberg.

VAN HEKKEN, P.

1970. *The ten-house groups in Ngamanga*. Trans. V. February. Leiden: African Studies Centre.

VAN VUUREN, H.

1989. 'In die koloniale geskiedenis kan ons tekens van verowering terugvind ...' *Die Suid-Afrikaan* 24:40-42.

VENTER, A.

1974. *Coloured: A Profile of Two Million South Africans*. Cape Town, Pretoria: Human & Rousseau.

VOORHOEVE, J., LICHTVELD, U. & FEBRUARY, V.

1975. *Creole Drum*. New Haven: Yale University Press.

WILLEMSE, H.

1992. The invisible margins of Afrikaans literature. *Matatu*. 15/16:91-102. [In: R. Kriger & E. Kriger (eds.) *Afrikaans Literature: Recollection, Redefinition, Restitution*. Amsterdam, Atlanta: Rodopi.]

2004. Krokodil en Bobbejaan (of om altyd Bolands en ten spyte van alles tog Afrikaans te wees). In: E. van den Bergh & T. Kraan (samestellers). *Koeke-makranke: die pad van Vernie February (1938-2002)*. Leiden: Afrika Studie Centrum. 22-25.